# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL — EERSTE UITGAWE 2022




Meer op bl. 3

## SPORT



Vyf en veertig fietsryers het die bergfiets-opedag by die Grootfontein Fietsrypark bygewoon. Die seuns het eers 'n paar tegniese roetes aangepak wat sowel vaardigheid as fiksheid getoets het. Oud-Affie Bennie Burger (matriek 2006) is 'n opgeleide bergfietsinstrukteur en het die seuns touwys gemaak. Bo is Jordan Boshoff in graad 12. (Berig deur Deon Spies).

## LEEFWYSE



Mnr. AJ Maree het in Februarie dié uitsonderlike foto van die B- en C-veld net vóór sononder en ná 'n hewige bui reën voor K4 met sy selfoon geneem. Die paaltjies voor die plaveisel en die bome het in die poel water weerspieël. Volgens mnr. Maree het hy het geen filters gebruik om die kleur aan te pas nie.

## KULTUUR



Die orkeste was vroeg in Januarie vir 'n oefenkamp by Leribisi Lodge en soos altyd is daar nuwe musiek uitgedeel en ingestudeer en vriendskappe gesmee. Die nuwe lede is ook met groot geesdrif ingeburger. Die seuns het met entoesiasme geoefen en kon reeds teen Dinsdagmiddag as groepe saamspeel. Op die foto is Mpumi Rakhudu en Heinrich Diedericks.

# Redaksioneel

Henko Brits

Die eerste kwartaal van 2022 is verby! Die kwartaal het soos 'n sneltrein op 12 Januarie uit die stasie gejaag en vir 'n volle nege weke voortgestoom en vir niemand gewag nie.

Nuwe gesigte van verbouereerde standerd sesse het die skoolterrein betree. Op die eerste skooldag het hulle die mure in die vierkant regop gehou, iets waarvan hulle nie nou die waarde sal verstaan nie. Hulle sal wel oor vyf jaar terugkyk en die rede daaragter sal kristalhelder wees.

Na 'n jaar se wag, is leerlinge weer by die atletiekinterhuis as toeskouers toegelaat. Hierdie dag was gevul met opwinding en die fantastiese gees van al drie huise.

Iewers tussendeur het daar krieket- en waterpoloproewe plaasgevind en die swemmers het hul swembrille en -kappies afgestof en gereed gekry vir die swemseisoen.

Die sukses van Affies is regdeur die eerste kwartaal, vanuit die kompartemente van die sneltrein gesien. Die atlete het almal se monde gesnoer en die Pretoria, sowel as Puk-interhoër gewen. Die swemmers het die Pretoria A-interhoër gewen maar moes daarna naelskraap die knie buig by die Johannesburgse interhoër. Die Witkolwe het onoorwonne van 'n Kaapse toer teruggekom.

The American Boy het gesê dat hulle wen en aanhou. Ek dink hierdie stelling geld ook vir Affies. Al wen ons, gaan ons steeds aanhou en net nóg beter by die volgende byeenkoms, wedstryd, toernooi of gala opdaag!

Terwyl die kleure van die blare verander en dit soggens later lig word, dink ek dat ons dankbaar kan wees vir die skool waarin ons is en vir die geleenthede wat aan ons gegee word.

Die trein het tot stilstand gekom by die eerste stasie en gaan nie weer omdraai nie. Ná die Aprilvakansie is dit weer volstoom vorentoe.

Hoop almal het genoeg padkos vir die volgende deel van die 2022-treinrit.

## REDAKSIE

Henko Brits (redakteur), Janco Botes (adjunk-redakteur: Akademie), Heinrich Immelman (adjunkredateur: Sport), Marco Arndt (adjunkredakteur: Kultuur) Clayton Booysen, Zander Leeb, Deon Spies, Andru van Zyl, Adriaan Nel en Altus Weiman

## Splinternuwe "outydse" ruite vir die voordeure

Die Affie-gebou se vooraansig het 'n hupstoot gekry. Me. Engela Hechter (argivaris) het met die hulp van haar dogter Greta oor die afgelope 18 maande nuwe loodglasvensters vir die deure gemaak en dit aan die skool geskenk.

Hulle het die vensters ook self aan die einde van Februarie geïnstalleer. Volgens me. Hechter is loodglaswerk lankal 'n stokperdjie en sy het gedink dat dié vensters die ou houtvoordeure nóg meer spesiaal sal maak.



Die ma-en-dogterspan, Greta en Engela Hechter by een van die houtdeure met die nuwe loodglasvensters.



Foto: Ronel van der Westhuizen

# Witbulle onoorwonne by NoordSuid Toernooi

JL van Rensburg in aksie tydens die wedstryd teen Durbanville

By die NoordSuid-rugby-toernooi vir onder 19's, eerste en tweede spanne, het Affies se eerstes onder leiding van Stéhan Heymans in al twee hulle wedstryde teen gedugte Kaapse rugbyskole geseëvier. Die Witbulle klop Paul Roos Gimnasium met 24-18 en Hoërskool Durbanville met 73-6. Na afloop van die wedstryd teen Durbanville is Gustav Maritz as speler van die wedstryd aangewys en Stehan Heymans na die wedstryd teen Paul Roos.

AHS se tweede span wen Dubanville 38-0, maar val met 10-17 teen Paul Roos vas. Dian du Toit was die speler van die wedstryd van die eersgenoemde kragmeting.

By vanjaar se toernooi was Menlopark, Waterkloof, Pretoria Boys High, Monument, Noordheuwel, E.G. Jansen, Nelspruit, HTS Dorstdy, Hoër Jongenskool Paarl, Stellenberg, Paul Roos Gimnasium, Durbanville, Grey Kollege, Welkom Gimnasium en Glenwood saam met Affies in aksie.

# "DIE STORIE MOET UITGAAN!"

Clayton Booysen

Die bekende sportnuusanker van e-Nuus, mnr. Percivale Young, het Affies op 26 Januarie besoek as gas by *Stroom-op* se jaarlikse opleidingsessie.

Hy het van sy ervarings die afgelope 20 jaar in die joernalistiekbedryf met die redaksie gedeel en meer vertel van die geleentehede wat joernalistiek ons bied. As iemand wat reeds regoor die wêreld vir sy werk gereis het, het hy dit reggekry om ons opgewonde te maak oor ons potensiaal as skrywers vir Affies se skoolkoerant.

Hy het veral klem daarop gelê dat alle joernaliste (en ook *Stroom-op* se redaksie) as skrywers die verantwoordelikheid het om ook gewone mense se stories te vertel – nie net dié van beroemde of bekende mense wat gewoonlik in die kollig staan nie – maar ook die stories van doodgewone mense wat andersins vergete sou wees.

Daar kan sonder twyfel gesê word dat *Stroom-op*-redaksie se perspektief en belangstelling ná mnr. Young se besoek, nóg 'n bietjie verbreed het.

"Die storie moet uitgaan!" Percivale Young, ons sê vir jou baie dankie.



Voor is Andru van Zyl, Gil Hood, Ignus Ferreira, mnr. Percivale Young, Altus Weiman en Adriaan Nel. Agter staan Janco Botes, Marco Arndt, Heinrich Immelman, Henko Brits en Clayton Booysen

## Aardklop skenk toekenning aan Affies

Affies het pas erkenning gekry vir die rol wat die skool in die Covid-tyd in die aanbieding van die Aardklop Aubade gespeel het. Die Fiëstas-toekenning vir die bevordering van uitvoerende kunste is in drie kategorieë aan Aardklop toegeken. Een van hierdie toekennings is gemaak vir die Aardklop Aubade-produksie, Karnaval van die Diere, wat in Oktober 2021 by Affies aangebied is.



Aardklop het besluit om die kunswerk (foto bo), wat as prys aan hulle oorhandig is, aan die skool te skenk. Die Aubade-produksies word vanjaar voortgesit.

## Bouery in volle swang




Foto: Mia Slabbert

Die tydelike klasse agter die A-rugbyveld is in Februarie afgebreek en die bouwerk aan die 14 nuwe klaskamers sowel as die veranderinge aan die gedeelte langs 1920, is nou volstoom aan die gang. Volgens een van Affies se grapjasse, mnr. David Jaquire, is die bougeraas nogal ontwrigtend, want die kinders sukkel om te slaap in sy klas.

# AFFIE-LIG NA 102 JAAR STEEDS HELDER





Agter staan Henko Brits, Adrian Fourie, Abel Pretorius, Marco Arndt, Heinrich Immelman en Joshuan du Toit, Theunia Erasmus. Voor is Anireht Strydom, Megan Kruger, Aaltje-Lien Botha, Nell Goosen, Emmelise de Wet, Danielle Janse van Vuuren, Emme Koeks en Lauren Mouton

Affies het op 28 Januarie sy 102e verjaarsdag met groot vreugde gevier, veral aangesien 2021 se vieringe deur die Covid-pandemie in die wiele gery is.

Die verrigtinge was op die hoofpawiljoen en 'n tradisie uit die tyd van oud-hoof, mnr. Ned Roesch (1974 tot 1985), het vanjaar herleef. Die Affieraadslede in matriek het as 'n groep die boekenhoutbalk uit die ou Jouberthuis die stadion ingedra en langs die kateder neergesit het (sien voorbladfoto deur Mia Slabbert).

Onderhoofseun Stéhan Heymans het in sý boodskap na ons skool se leuse verwys en gesê dat ons dié lig moet uitstraal deur eienskappe soos integriteit, nederigheid en respek na te streef.

Hierna het mnr. Dirk Taljard 'n kort geskiedenispraatjie gegee.

In pouse het die meisies van oorkant die straat vir 'n lekker lang kuier oorgestap en 1920 het met hul braaivleisvure en boereworsrolle bygedra tot die feestelikheid. Personeel van die twee skole het in die saal saamgekuier.

# Pianola kry staanplek in 1920

Gil Hood




Pieter John Hood wat die pianola vir jare bewaar het.

'n Pianola, wat in 1927 uit Chicago ingevoer is, is in September 2021 deur die Hood-familie aan die skool geskenk en dié interessante instrument staan nou permanent in die kafeteria.

Volgens mnr. Arnold Cloete (hoof: Uitvoerende Kunste) is dié besonderse instrument nog in 'n goeie toestand en dit is reeds verlede jaar deur dr. Charl du Plessis (foto bo) gestem. Wat 'n pianola so besonders maak, is dat dit ook 'n meganisme het wat die instrument deur middel van papierrolle "self" kan laat speel. Die papierrol word oor 'n staaf getrek waarin daar gaatjies is waaruit lug geblaas word.

Die "pianis" se enigste werk is om die blaasbalk met behulp van twee trappe vol lug te hou. "Hierdie meganisme kort werk, maar daar is 'n persoon in die Kaap wat dit kan diens. Ons is in 'n proses om reëlings te tref om dié gedeelte van die pianola ook perfek te laat werk."

Of dit nou 'n nuuskierige skolier, 'n talentvolle musikant of selfs 'n besoeker aan ons skool is – die pianola sal die Affie-gemeenskap nog vir 'n lang tyd kan vermaak.

# Nuwe e-naslaangids by AHS bekendgestel

Maroela Media het WEET, 'n splinternuwe Afrikaanse e-naslaangids vir laerskole op 8 Mei in die mediasentrum by Affies bekendgestel.

Die organiseerders was op soek na 'n "ou" biblioteek om hul boodskap te versterk en daarvoor was Affies se mediasentrum, wat moderne geriewe het, maar ook as museum dien, ideaal.

"Die doel met WEET is om skoolkinders toegang te gee tot 'n digitale naslaanbron met goeie gehalte, betroubare inligting in Afrikaans, aanvullend tot die skoolkurrikulum, wat hulle in staat sal stel om naslaanwerk vir skooltake en -opdragte Afrikaans te doen," het me. Petronel Fourie, WEET se projekbestuurder verduidelik.

Vier laerskoolspanne het in 'n vasvrae teen mekaar meegeding om die voordeel van die nuwe naslaangids aan die gehoor te demonstreer. Onder is die span van Laerskool Constantiapark en hul hoof, dr. Louis Dey, wat as wenners uit die stryd getree het.



## *SPANHEMDE VIR KOEDOES EN HARTBEESTE*

Heinrich Immelman

Die Koedoes en Hartbeeste kon vanjaar ná dekades weer spog met hulle eie ondersteunershempies. Die Affieraadgroep het besluit om in 2022 op ou tradisies te fokus en dit waar moontlik weer te laat herleef. Dié nuwe hempies lyk soos die koshuishemde, net in groen en rooi.



André Makkink, Beyers Roos en André van den Heever

# TOPPRESTEERDERS KRY ERKENNING

Marco Arndt



Foto: Mia Slabbert

By vanjaar se Februarie-prysuitdeling is elke graad se akademiese toppresteerder van 2021 aangewys. Hulle is Iddo van Daalen (94.1%) graad 8, Nicolai Bester (89.6%) graad 9, Wian van Rooyen (95.9%) graad 10 en Marx Nel (95.1%) graad 11. By dié glansryke aand het talle matrieks van 2021 ook akademiese toekennings ontvang, terwyl lede van Affies se orkeste vir musiek gesorg het.


'n Paar Dux-leerlinge het die volgende oor hul akademiese suksesresep te sê:

**IDDO VAN DAALEN**



Ek begin vroeg met leerwerk vir toetse. Ek deel vooraf die werk in en doen elke dag 'n bietjie. 'n Dag of twee voor die tyd hersien ek alles.

**NICOLAI BESTER**



Ek doen elke dag deeglike beplanning. Jy moet dan die selfdissipline hê om sukses te behaal.

**WIAN VAN ROOYEN**



Ek werk elke dag baie hard en maak seker ek verstaan die werk deur dit te oefen. Ek vra ook baie vrae in die klas, veral as ek onseker is oor iets.

**MARX NEL**



Tydsbestuur is vir my baie belangrik omdat ek aan baie aktiwiteite deelneem. Ek werk effektief en probeer altyd bybly met my werk. As ek iets nie verstaan nie, sal ek vrae daaroor vra in die klas. Jy moet 'n goeie balans handhaaf tussen werk en ontspan.

# *Avontuurkamp help graad 9's spanbou*

Andru van Zyl



2022 se graad 9-avontuurkamp by die Joy Unspeakable-kampterrein by Roodeplaatdam het op 15 Januarie al vroegoggend begin toe daar vyf busse met opgewonde Affies volgelaai is. Boonop het die vorige dag se interhuis die energievlakke nóg verder opgestoot.

Die naweek het 'n besoek van 2021 se hoofman, Dillon Smith, en verskeie spanbou-aktiwiteite ingesluit. Alhoewel die weer taamlik koel was, het dit niemand gekeer om 'n bietjie tyd in die swembad deur te bring nie. Nadat hul die graad 8-kamp van 2021 weens Covid misgeloop het, kon elk van die 282 graad 9-seuns vanjaar teruggekom met nuwe krag en kennis om 2022 op die regte manier aan te pak.

# 2021-matrieks se uitslae kook

Gil Hood

Affies se 2021-matrieks kan spog met 'n honderd present slaagsyfer en 'n universiteitstoelatingsyfer van 91%. Die groep behaal saam 562 A-simbole, waarvan 99 meer as 90% is. Die gemiddeld, alle vakke en leerlinge bereken, was 70%.

Die matrikulant wat die beste prestasie behaal het, is Jan Wiese, wat ook die toppresteerder in Engels (First Additional Language) in Gauteng was.

Jan Wiese, Jonty Bleeker, Paul Sweers, Leander Visser en Aaron Tollig het elkeen agt onderskeidings behaal.

Die ses toppresteerders met die hoogste gemiddeldes was Jan Wiese (94,3%), SJ Pienaar (93,9), Jonty Bleeker (92,3%), Paul Sweers (92%), Hanro Louw (90,3%), en Jason van Antwerpen (90%).



Kruger du Toit en Janno Bouwer kry hul uitslae.

## AGT ONDERSKEIDINGS EN HOOGSTE GEMIDDELDES



Jan Wiese
94,3% en agt onderskeidings



SJ Pienaar
93,9%



Jonty Bleeker
92,3% en agt onderskeidings



Hanro Louw
90,3%



Jason van Antwerpen (90%)



Paul Sweers
Agt onderskeidings



Aaron Tollig
Agt onderskeidings



Leander Visser
Agt onderskeidings

# JAZZ-IMPROVISASIEKLASSE – 'N EERSTE BY AFFIES



Van links op die foto is Ben van Zyl, dr. Charl du Plessis, Mikael Wiese, Rohan Grobbelaar, Riaan Boer, Cornel du Plessis en Gerno Strydom.

Ses matrieks het verlede kwartaal geleentheid gehad om meesterklasse in jazz-improvisasie by te woon. Die aanbieder was die bekende kunstenaar en dosent in jazz-klavier aan UP, dr. Charl du Plessis. Ben van Zyl (perkussie), Gerno Strydom (klavier), Riaan Boer (tromboon), Mikael Wiese (perkussie), Cornel du Plessis (klavier) en Rohan Grobbelaar (saxofoon) het twee middae se intense sessies bygewoon waar die geskiedenis en werking van improvisasie uiteengesit is. Dr. du Plessis het hulle deur bekende jazz-kunstenaars se werk geneem en die geleentheid gebied om hulle eie improvisasies te skep en om saam te werk as deel van 'n ensemble.


Volgens me. Joyce Viljoen (departementshoof) bied die akademiese kurrikulum deesdae 'n keuse tussen optrede by 'n voordragkonsert of 'n improvisasiegeleentheid. Dié werkswinkels is dus 'n ekstra verrykingsgeleentheid vir van die musiekdepartement se topleerlinge.

# Affie-segetog in ATKV-debat

Janco Botes

Die skool het oudergewoonte vanjaar die maksimum spanne, agt junior en agt senior, vir die eerste rondte van die ATKV Nasionale Debatskompetisie ingeskryf.
In die senior kompetisie het daar in totaal agt spanne na die volgende rondte deurgedring, waarvan vier Affie-spanne is. In die junior afdeling is 'n totaal van sewe spanne vir die volgende rondte aangewys, waarvan vyf Affie-spanne.

Ander Pretoria-skole wat spanne in die volgende rondte het, is AHMP (drie), Zwartkop (twee) en Menlopark (een). Hierdie Pretoria-skole sê saam met Affies die res van die land se spanne in die halfeindrondte en die finale rondte van die kompetisie in Augustus by ATKV Buffelspoort die stryd aan.



Affies se groep debatteerders saam met dr. Gustav von Bratt (heel links) en mnr. Hanno Wasserman (heel regs) by die debatkamp wat in Januarie by Achterberg plaasgevind het

# Redenaars bult spiere by Van Huyssteens

Janco Botes

Die Van Huyssteens Oratorsfees is in Maartmaand afgehandel en in die Afrikaans-afdeling het AHS se graad 11- sowel as die graad 12-span as wenners uit die stryd getree. Die graad 11-span het bestaan uit Karno Goosen, Richard Pretorius, Damian McDonald en Wikus Bornman en die graad 12-wenners was Francois Smit, Dian du Toit, Mikail Köhler en Wernich Barkhuizen.




Op die foto bo is Waldo Brewis en Beyers Roos (voor). In die middel is me. Andriette Jacobs, Wernich Barkhuizen, Mikail Köhler en Francois Smit. Heel agter staan Dian du Toit, Katleho Molakeng, me. Gerda Kleynhans, Barend Bruwer, Kobus Smith en me. Lisinda van der Westhuizen.

# Koorjaar begin by Achterberg

Deon Spies



Die koor het vroeg in Februarie by Achterberg naby Krugersdorp gaan kamp, oefen en kopskoonmaak. Die 89 seuns het hard gewerk aan hul repertorium, maar daar was ook tyd vir pret en plesier en vir boeresport(s)! Soos altyd kon die nuwe koorlede die laaste aand tydens 'n seremonie hul name in die koorboek skryf – 'n groot eer vir alle koormanne!

# Dosyne en dosyne melkterte!




Die Affie-ma's het, onder leiding van me. Isabel Nel (beheerliggaamlid), vanjaar bontgestaan en die manne is soos in die verlede bederf met dié tradisioneel Suid-Afrikaanse lekkerny! Op die foto is Rikus Rheeders en Joshua Gouws

# Graad 10's oorwin die Mighty Apies

Deon Spies

Na byna twee jaar van inperking en bitter min aktiwiteite het die graad 10's op 15 Januarie tydens hul avontuurkamp by Mighty Apies River Lodge 'n welkome wegkomkans gehad.

Die manne het blootstelling gekry aan genotvolle aktiwiteite soos watersport, "ziplines" en ook 'n hindernisbaan. Boonop het al ses spanne wat aan die hindernis deelgeneem het, 'n nuwe rekord opgestel – 'n prestasie wat dalk nie gou herhaal sal word nie.

Die kamp was beslis vir elke individu baie werd, maar nóg belangriker, dit het die graad as 'n hegte groep saamgesnoer.

Hierdie kamp sal sonder twyfel 'n onvergeetlike deel in elke Affie se hoërskoolloopbaan bly.



# KAALVOETDAG NOMMER 1



Tydens die eerste kaalvoetdag vir die jaar is daar volgens die organiseerder, me. Marlene du Toit, meer as R10 000 ingesamel. Die geld gaan aan Choc, 'n organisasie wat kinders met kanker, ondersteun.

# HARDE WERK IS DIE GEHEIM!

Altus Weiman

Baby AB, oftewel Dewald Brevis (oud-Affie 2021), is besig om hom as een van Suid-Afrika se voorste junior kolwers te vestig. Hy is tydens die O/19 Wêreldbekertoernooi aangewys as die speler wat die meeste lopies – 'n volle 506 – aangeteken het. *Stroom-op* het hom oor sy lewe en loopbaan uitgevra.

***Vir watter span het jy in graad 8 gespeel?***

Vir die o/14A's.

***Watter afrigter het jou die meeste gehelp?***

Ek was gelukkig om mnr. Billy Brown in my o/14-jaar as afrigter te hê. By hom het ons manne baie lewenslesse geleer – nie net van krieket nie.

Mnr. Deon Botes was en is die mentor en "coach" wat tot vandag toe ongelooflik baie vir my beteken. Dit is aan hom te danke dat ek vandag 'n krieketspeler is.

***Wie is jou rolmodel?***

Beslis AB de Villiers.

Ek hou van die tipe krieket wat hy speel en die soort mens wat hy is – ook van die veld af.

***Vir watter span wil jy graag speel?***

Ek speel tans vir die Momentum Multiply Titans. Dan is ek ongelooflik opgewonde om vir die Mumbai Indians se IPL-span gekies te wees. Ek sien baie uit om legendes soos Sachin Tendulkar, Rohit Sharma, Zaheer Khan en Mahela Joyawardene te ontmoet en onder hulle te oefen. Hulle is deel van die Mumbai Indians-familie. Dit was nog altyd my droom om IPL te speel, maar die absolute hoogtepunt sal natuurlik wees om die Protea-span in al drie formate te verteenwoordig.

***Wat was tot nou toe jou grootste prestasie?***

Eerstens is dit om in die geskiedenis van die O/19 Wêreldbeker die meeste lopies nóg te kon slaan en om die rekord van Shikar Dhawan wat al vir 14 jaar staan (506 lopies in ses wedstryde) te kon verbeter. Dan natuurlik ook om "The Man of the Tournament" van die 2022 O/19 Wêreldbeker te kon wees.

***Watter raad het jy vir jong ouens wat die krieketwêreld wil betree?***

My leuse is: "To become the 1%, you must do what the other 99% don't do." Dis baie harde werk. Dis om die ekstra in te sit. Jy offer persoonlik en sosiaal baie op, maar jy moet altyd die spel geniet. Jou liefde vir krieket moet jou passie wees. Verder is dit belangrik om 'n hoërskool te kies wat 'n uitstekende krieketstruktuur in plek het.



***Hoe hanteer jy die druk?***

Ek fokus op my spel en op die oomblik. Ek sluit enige onnodige geraas uit.

As ek op die veld gaan, geniet ek regtig net my krieket.

***Hoe voel jy as 'n goeie bouler na jou toe boul?***

Ek het eendag geluister na 'n onderhoud wat met Kevin Peterson gevoer is. Hy het gesê hy sien net die krieketbal raak en dink nie aan wie die bouler is nie. Dis ook my uitkyk.

# 'n Tweede doktorsgraad vir dr. Edwards

Janco Botes





Dr. Edwards besig met navorsing in 'n argief in Portugal

Dit is met groot trots dat Affies vanjaar dr. Pierre Edwards, oud-Affie en voormalige hoof (1992-2018), se tweede doktorsgraad in Geskiedenis saam met hom vier. Nadat hy reeds in 1985 in die Britse argief in Londen gesnuffel het op soek na inligting oor die 1870-dispuut tussen die Portugese, Britte en Boere van die ZAR oor die destydse Delagoabaai (deesdae Maputo), het hy besef dat hierdie verhaal nog nie klaar vertel is nie.

Sy tweede proefskrif is daarom 'n uitbreiding van die navorsing wat hy in vir sy eerste doktorsgraad gedoen het.

In sy eerste proefskrif het hy die einste spoorlyn wat agter die skool verbyloop, ondersoek. Die aanlê van dié spoorlyn was een van president Paul Kruger se grootste prestasies, nadat die Boere en die Portugese 'n verdrag gesluit het wat die grens bepaal soos dit vandag nog tussen Suid-Afrika en Mosambiek loop. Hierdie spoorlyn het die vinnigste vervoer verskaf vanaf die ryk goudmyne in die Transvaal na die see en 'n uitvoerhawe.

Vir sy tweede doktorsgraad was dr. Edwards vir die afgelope tien jaar feitlik elke Julievakansie in die Britse argief in Londen bedrywig en hy was ook drie keer in Lissabon, Portugal. Dr. Edwards is die eerste Suid-Afrikaner wat die Delagoabaai-dokumente in die Portugese argiewe onder oë gehad het. Sy studieleier was oud-Affie prof. Fransjohan Pretorius (matriek 1966).

Dok se liefde vir geskiedenis het hier tussen ons eie rooi baksteenmure ontstaan, want hy vertel dat sy onderwysers, mnr. Andries Uys en mnr. Piet Butler, vir hom 'n inspirasie was en die "geskiedenis laat leef" het.

Sy pa was tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n soldaat in Oos-Afrika, Egipte en Australië, maar hy het nooit oor sy ervarings dáár gepraat nie, wat 'n natuurlike nuuskierigheid oor geskiedenis by hom en sy broers aangewakker het. Hulle is vandag nog in besit van al die briewe wat hul pa in daardie tyd aan hul ma geskryf het, sowel as talle foto's en medaljes.

Sy gesin was ook ywerige lesers en hy vertel hoe hy amper weekliks 'n bus na Kerkplein geneem het om boeke by die biblioteek uit te neem.

In sy onderhoud met *Stroom-op* het dr. Edwards weer die ongelooflike relevansie van geskiedenis beklemtoon. "Ek glo vas dat 'n grondige kennis van geskiedenis ook in die moderne wêreld en vir ons jonger geslag absoluut noodsaaklik is. Sonder begrip van en vir geskiedenis het jy geen idee wat vandag aangaan nie. Dis asof jy in 'n digte miswolk is en nie weet hoe ver jy werklik van die rand van die afgrond af staan nie."

# CHRISJAN MAAS KRY SA-KLEURE



Chrisjan Maas (matriek 2021) het einde Februarie sy Suid-Afrikaanse kleure in gholf verwerf toe hy lid was van Gholf RSA se seniorspan wat van 14 tot 17 Februarie op die Leopard Creek Gholfbaan aan die Afrika Amateurtoernooi deelgeneem het. Die opponente was spanne van Engeland, Skotland en Kenia. Chrisjan het tellings van 69, 77 en 66 geslaan en het só tot die span se wentelling van 641 bygedra.

# 1960-matrieks kuier by Affies



Op Vrydag 18 Februarie het 27 lede van die 1960-matriekgroep die skool vir hul 62-jaarreünie besoek. Weens Covid kon hulle nie hul reünie in 2020 hou nie. Een van hulle onderwysers, mnr. Manie Lemmer (middel voor), was ook teenwoordig.

# "Ys"tee saam met die hoofman

Henko Brits



Beyers Roos, hoofseun van 2022, het met 'n koue ystee in die hand vir *Stroom-op* vertel van hoe hy sy lewe as hoofseun ervaar, wat sy wens vir die matriekgroep, die skool en, natuurlik, vir die standerd sesse van 2022 is.

***Wat was jou eerste gedagte toe jy as hoofseun aangewys is en vir die eerste keer van die balkon af met die skool moes praat?***

Ek het met die aankondiging 'n traan gepink en was vreeslik emosioneel. Ek het baie trots gevoel om hierdie skool te kan lei. Vandag kan ek sê dat dit 'n massiewe voorreg is om die hoofman te wees, iets wat ek nie laasjaar noodwendig besef het nie.

***Wat maak jou kinderlik opgewonde?***

Sushi is altyd 'n wenner en roomys is ook bo-aan die lys van dinge wat my opgewonde maak! Verder is sport nog altyd my groot liefde en ek is op my gelukkigste as ek sport kyk of daaraan deelneem.

***Hoe ervaar jy matriek, met die ekstra verantwoordlikhede wat op jou skouers rus?***

Die matrieklewe is nie maklik nie. Daar is ongelooflik baie huiswerk, veral in IGO. (Ek is seker al die IGO-manne sal met my saamstem.) Andersins gaan dit goed, ek geniet elke oomblik en vat elke dag maar soos hy kom.

***Wat is jou wense en boodskap vir die st. 6'e van 2022?***

Ek sal graag wil sien dat hulle saamstaan as 'n groep en sal aanhou om mekaar te ondersteun, tot in 2026 wanneer hulle matriek skryf. Hulle moet ook goeie matrieks wees en natuurlik die Affie-naam hoog hou en ons wapen met trots dra.

***Jou boodskap aan die matrieks van 2022?***

Ek sal graag wil hê dat ons as matriekgroep hard moet terugveg teen al die negatiewe goed wat Covid die afgelope twee jaar vir ons gelos het en veroorsaak het. Ek wil hê dat almal moet deelneem, omdat dit ons laaste jaar hier is en ook om vir ander te wys wat Affies is en hoe dinge hier gedoen word. Mag ons gees uitmuntend wees, ons hard werk en ons ons laaste van die vyf jaar op die "plaas" geniet!

# Kalahari-vasbyt toets Affie-manne se deurdrywing

Henko Brits





Herman Pretorius (graad 11), Stéhan Greeff en Rubin le Roux (albei in matriek) het hul uithouvermoë tydens die laaste week van die Desember-vakansie ordentlik getoets. Sommige mense sou dié ervaring dalk as 'n straf- of konsentrasiekamp beskou, maar dié drie stem nie saam nie. "Nee, dit was Vasbyt 2022!"

Tydens hierdie kamp word daar báie kilometers gestap en die seuns doen hindernisbane, hope fiksheidsoefeninge, bestuur of leer bestuur, maak hul eie kos, slaap in tente, doen "river rafting" op die Zambezi en spring selfs van brûe af met harnas en tou. Die organiseerder het die deelnemers vanjaar tot in Botswana geneem vir die Vasbyt.

# *Ouers en seuns - almal Affies!*



Nie minder nie as vyf matrikulante het die voorreg om die skool met 'n ouer te deel. Van links is mnr. Tekkies Barkhuizen en Wernich, me. Gene van Wyk en Venter, me. Jana van der Westhuizen en Jan-Paul, me. Anina Brits en Henko en mnr. Deon Botes en Janco.

# WELKOM HIER!

Altus Weiman



Foto: Patrick Furter

Volwaardige Affies tydens die inhuldigingsgeleentheid!

Sowat 300 graad 8's het op 10 Januarie op die Affie-plaas aangemeld – meestal met blink oë en vol afwagting oor die nuwe lewensfase. Mnr. Schalk Müller (oud-Affie 2005) was in beheer van die inskakelingsprogram en het die seuns op dag een verwelkom en moed ingepraat.

'n Magdom aktiwiteite en 'n graad 8-kamp later, is hulle amptelik op 2 Februarie as volbloed-Affies verwelkom toe hulle meesters hul pette tydens die inhuldigingseremonie in die teenwoordigheid van hul ouers opgesit het.



Muurstoot is sowaar deur 'n magdom graad 8's as een van hul hoogtepunte uitgesonder!

# 'N TAS WAT ELKEEN PAS?

Clayton Booysen



Ruben du Toit, Adee Jooste, Dian Theron, Sebastian van Schoor, Nicus van Heerden, Jan Harm Potgieter en Joshua Ninham



Theuns van Heerden, JL van Rensburg en Wernich Barkhuizen



Gert Claasen

Op die bedrywige middag van 2 Februarie het die matrieks van 2022 saam besluit om aan 'n landswye gier deel te neem: Vat enige kas, houer of sak, ja enigiets wat nie 'n tas is nie, skool toe!

Sommige matrieks was prakties en het hul boeke in Campmaster-sleepwaens rondgetrek, terwyl Arno van Schalkwyk besluit het om eerder 'n enorme Marmite-houer daarvoor te gebruik.

Dapper siele soos Adee Jooste wou weer met 'n hele Weber-braaier klasdraf, terwyl Jacques Blignaut sy vuurkorf deur die gange wou aandurf. Of dit dan Ruan Breed se asblik of Luca Bedeker se marmot-hok was, die meeste ouens het respek gehad vir die hoeveelheid breinkrag en tyd wat hierdie manne se planne geverg het.

Spesiale krediet moet gegee word aan byna die helfte van die matriekgroep wat besluit het om "oorspronklik" te wees en 'n "koelerboks" gebring het.

Daar hoef ook min gesê te word oor die drie manne wat met trollies gespog en 'n resies gehou het – 'n mens hoef net jou verbeelding hiervoor te gebruik…

Uiteindelik (nog voor die eerste periode) is die matrieks se aspirasies egter kortgeknip. Die koshuis-yskas het na bewering nie aan AHS se definisie van 'n "netjiese, standaardgrootte tas met afskortings" voldoen nie. Die houers moes in die voogklasse agterbly en diegene wat nie gewone tasse óók gebring het nie, moes heeldag met hul boeke in die hand klasdraf.

Alhoewel dit moeite was, sal elke matriekleerling die sentiment eggo dat dié inisiatief 100% die moeite werd was. Die matrieks sal eerste wees om in die toekoms die frase "matigheid voor oë" te onthou, maar waardeer die geleentheid om somtyds bietjie laf te wees.



Juan Joubert




Mark Osler

# Valentynsbalkaartjie in 2022 – (amper) meer werd as goud!

Marco Arndt



Die gaste kom aan…

Die Affiekoor se gewilde Valentynsbal was vanjaar op 19 Februarie en die geskarrel om kaartjies in die hande te kry, was erger as ooit.

Volgens me. Estelle Matthee (organiseerder) het hul aanvanklik beplan om 500 kaartjies te verkoop, maar die vraag was só groot dat hulle uiteindelik vir 560 gaste moes plekmaak. "Ons het toe nog steeds meer as 50 seuns op die waglys gehad wat ons op geen manier op die terrein kon inpas nie. Ná die Covid-droogte van twee jaar was die manne duidelik baie uitgehonger vir 'n lekker sosiale aksie."

Die bal is op die skoolterrein aangebied en die vierkant, mediasentrum en skoolsaal is pragtig versier met prentjiemooi ligte en gedekte tafels. Die feestelike aand het gesorg vir prettige samesang en kaalvoetdans op die stoepe en in die saal. Morné Greyling in graad 12 sê die aand was vol woema en 'n goeie afskopgeleentheid vir die sosiale jaar wat voorlê (hopelik sonder Covid-19) en volgens Barend Bruwer, ook in matriek, was die aand 'n lekker jol. "Een van die bestes nóg!"

# Dag van Liefde!

Marco Arndt



Vir die eerste keer in twee jaar het die manne vanjaar geleentheid gekry om die pad oor te steek om Valentynsdag saam met die Meisieskool te vier. Die opwinding, langer pouse en lekker eetgoed was genoeg motivering vir elke seun om die romanse oorkant die pad te hervat.

Die A-minere het oudergewoonte vroeggoggend die meisies se knieë met 'n liefdeslied lam gemaak. Die seuns het daarna ook elkeen 'n unieke Valentynskaartjie van 'n dame ontvang om hulle dag ekstra spesiaal te maak. Gerhard du Preez (graad 10) het aan *Stroom-op* gesê hy is beïndruk met die moeite wat die Meisieskool gedoen het om hul skool so feestelik te versier. "Die yo-yo (foto bo) wat ons as geskenk gekry het, was natuurlik ook 'n treffer – al het die onderwysers tydens klastyd nie noodwendig saamgestem nie!"



Van links op die foto is Cornel du Plessis, Mariska Breytenbach, De Wet Groenewald, Anika Smit en Mark Osler



# 'n Nuwe "bloedrekord"!

Andru van Zyl

Die eerste bloedskenkpoging vir 2022 het vir 'n splinternuwe rekord gesorg.

Die Affies het 197 eenhede geskenk en het hiermee nie net 'n eie persoonlike beste behaal nie, maar ook vir die eerste keer ons buurskool, Pretoria Boys High, die loef afgesteek.

Die graad 11G's het die meeste bloed geskenk en elkeen is met 'n PVM-stafie beloon wat mnr. en me. Koch (vanjaar se organiseerders) vir hulle gereël het.

Affies het in 2015 die eerste keer bloed geskenk en die vorige rekord was in 2019, met 153 eenhede.

Garreth Edwards is een van die dapperes wat gaan bloed skenk het.

# INTERHUIS (MET TOESKOUERS!) 'N HOOGTEPUNT

Henko Brits

Die atletiekseisoen het vroeg-vroeg begin met die interhuis wat op 14 Januarie gehou is. Tot almal se groot vreugde is daar vanjaar weer toeskouers toegelaat. Sowel die seuns- as die dogtersondersteuners het in hul massas opgedaag en tot laat die Vrydagmiddag bly sit om die atlete te ondersteun en behoorlik gees te vang.

Die puntetelling was aan die begin van die dag kop-aan-kop met die Hartbeeste en Koshuis wat beurte gemaak het om die voortou te neem. Uiteindelik het Koshuis vir die tiende agtereenvolgende jaar met die louere weggestap.

Die geeskompetisie was iets besonders en die beoordelaars het gesukkel om tot 'n finale besluit te kom. Die Arend het uiteindelik ook hiér geseëvier en die Geesbeker voor die neus van die Hartbeesspan weggeraap.


Foto: Olé Smith


Foto: Olé Smith


Foto: Olé Smith


Foto: Olé Smith

# Koedoes flinkste in die water

Zander Leeb

Koshuis kan dalk hardloop, maar definitief nie swem nie. Ná hul oorwinning by die atletiekinterhoër is die bordjies verhang met die Koedoes wat by die sweminterhuis as wenners uit die stryd getree het met 'n puntetelling van 440. Die Hartbeeste was tweede met 397 punte en Koshuis derde met 304 punte. Die Hartbeeste het vanjaar die Geesbeker gewen. Al was net die matrieks toeskouers, het hulle gesorg vir 'n groot geraas en onvergeetlike herinneringe.

Christian Esterhuysen (graad 9) word as die Junior Victor Ludorum aangewys, terwyl Richardt Beineke (graad 12) en André van den Heever (graad 10) die toekenning vir die Senior Victor Ludorum deel.


Foto: Henré Vosloo


Foto: Corné van der Westhuizen


Foto: Henré Vosloo


Foto: Henré Vosloo

# Affie-rakette swiep regoor die land.

Deur Henko Brits


Foto: Charmaine Sander

Heinrich Immelman, die eerstespankaptein

Die spelers was vroeg in die kwartaal al op hul tone. Vroegoggend is daar op die tennisbane gesweet en tot in die laatmiddag het hierdie oefening voortgegaan om te verseker dat hulle reg is vir die seisoen.

Vir die eerste en tweede span was daar in Februarie 'n toer na die Gerrie Berner-toernooi in Stellenbosch, waar Affies in die sesde plek geëindig het. Hulle het 3-4 teen Waterkloof verloor, vir Kearsney 6-1 gewen en 1-6 teen Paul Roos verloor. In die uitspeelwedstryde vir vyfde en sesde plek, verloor hulle 3-4 teen Outeniqua.

Die Affie-seuns het opslae gemaak op provinsiale vlak. Nie minder nie as vier seuns het die junior Gauteng-Noord-span gehaal. Lourens Swanepoel is in die A-span, terwyl Wihan Snyders, Francois Boshoff en Ruan Fourie almal in die B-span ingesluit is. By die seniors het Heinrich Immelman die A-span van die Gauteng-Noord span gehaal, terwyl Stephan van Niekerk in die B-span ingesluit is.

# KORTLIKS

- Affies speel kookwaterrugby by vakansietoernooie. Dertien Affie-spanne het 36 wedstryde gespeel waarvan hulle 29 gewen het. Hierdie spanne het saam 1 250 punte aangeteken teenoor die 259 deur hulle opponente.

By AHS se eie Francois Swartweek het Affies se onder 15's Nelspruit 47-5 en Noordheuwel 41-14 gewen.

Die derde en vierde span het 'n baie suksesvolle Hansie-week in Mookgopong (Naboomspruit) beleef en het vyf van hul ses wedstryde gewen.

Die onder 16A's het twee wedstryde by die Jean de Villiers Onder 16 Rugbyfees by Paarl Gimnasium gewen en een verloor. Op die eerste dag klop Paul Roos Gimnasium Affies 15-3, maar daarna speel AHS maklik klaar met Marlow Landbouskool (57-9) en Brandwag (49-9).

Ten spyte van die feit dat Affies se o/15C-, 15D-span, 14C- en D-span in elf van die twaalf wedstryde by die Amajuba-rugbyweek in Volksrust kragte met ander skole se A-spanne gemeet het, het hulle 10 wedstryde gewen.

Die onder 14A-span was onoorwonne by die Outeniqua-rugbytoernooi in George. Hulle klop Noordheuwel, Alberton en Grey Kollege se onder 14B's.

- Die tweede hokkiespan het in twee van hulle drie wedstryde as oorwinnaars van die astro by die Eldo-toernooi afgestap. Hulle klop Hatfield Christian School 7-0 en Sutherland 3-0, maar verloor 2-1 teen Helpmekaar. By die Founders Festival het die onder 16A's en die onder 14A's elkeen een wedstryd gewen en een verloor. Die eerste span moes die knie voor Hoër Jongenskool Paarl buig, maar het gelykop teen Paarl Vallei gespeel.

By die Ken Florens Festival het die onder 14B's een kragmeting gewen en een verloor.

# Atletiek maak skoonskip by interhoërs!

Henko Brits


Foto: Corné van der Westhuizen

Johandré Pienaar (Suid-Afrikaanse kampioen) in aksie by die Pretoria A-bond Atletiekinterhoër

Op 25 Februarie het die Pretoria A-bond Interhoër by Pilditch plaasgevind. Die atlete het vroeggegend al aangemeld en 'n klomp ywerige standerd sesse en hoopvolle onderwysers het die seuns vergesel.

Spekulasies het die atlete min gepla en hulle het regdeur die dag ware 'Affie-guts' gewys. Selfs toe die sluise van bo oopmaak, kon dit nie die seuns se vuur en vegtersgees blus nie. Die matrieks het as dirigente opgetree en die res van die atlete het uit volle bors op die pawiljoen begin saamsing.

Ouers en familie is as toeskouers toegelaat, terwyl die skoolleerders die atletiek lewendig op Youtube kon stroom.

Teen 18:15, toe die skoot vir die laaste aflos van die dag klap, het 'Power of Affies' uit vele huise regoor Pretoria weerklink. Die Witblitse het dit seker gehoor, want hulle het niemand teleurgestel nie en eerste oor die wenstreep gesnel.

Affies wen die A-bond interhoër met 'n totaal van 1 362 punte!

Op 3 Maart het die atlete na Roodepoort gereis om aan die Super 16 of NWU PUK Interhoër by Ruimsig-stadion deel te neem.

Die Affie-manne stel weer nie teleur nie en raap die louere voor Hoërskool Helpmekaar se neuse weg en wen die laaste byeenkoms van die seisoen met 'n totaal van 425 punte.


Die Witblitse, Ruan van Heerden, Marx Nel, Karl van der Westhuizen en Tiaan de Wet

## Ses medaljes vir Affies by SA Atletiekkampioenskap

By die SA Atletiekkampioenskap wat gedurende die vakansie in Potschefstroom aangebied is, het ses Affies medaljes verower. Johandré Pienaar (spiesgooi, onder 18) en Jordan Meyer (gewigstoot, onder 16) het goud ontvang. Johandré is die Suid-Afrikaanse kampioen in sy item. Dieter Schubert (diskus, onder 18) en Werner Gouws (400 m, onder 16) het silwer medaljes ontvang en Hencu Lamberts (gewigstoot, onder 18) en Werner Gouws (800 m, onder 16) brons. Affies se ander atlete by dié byeenkoms was Armand Duffy, Tylo Fischer, Darius Nortje, Andru van Zyl, Iddo van Daalen, Matthew Endrődy, Charles Nel, Heinrich Davel, Juandré Lira, Ian van Heerden en Anroux van Zyl. Oud-Affies Luke Brand, Duncan Robertson en Van Reenen Kruger het ook deelgeneem.

# Swemmers speel nie in water

Zander Leeb



Alexander Kelbrick by die A-liga Sweminterhoër

Foto: Henré Vosloo

Dit gaan goed met Affie-swem. In Februarie stof die A-span Menlopark met 50 punte uit en wen só die seunsafdeling van die Pretoria Interhoër. Die B-span vaar ook uitstekend in die B-bond en eindig tweede na Waterkloof se A-span.

By die Johannesburgse Interhoër eindig Affies tweede, ná 'n naelskraapse oorwinning deur St Benedict's.

Die swemmers het ook op 11 Februarie by die Nester Peridies-aflosgala teen tien van die topskole in KwaZulu-Natal en Gauteng meegeding.

Die o/14-aflosspan sorg vir baie opwinding en verower tweede plekke in die borsslag sowel as vryslag.

Mnr. Ferdi Postma en die Affie-manne het op pad terug die Midmarmyl aangedurf en met gemak voltooi.

# Groot oorwinning vir krieket tydens Kaapse draai

Henko Brits

Affies se eerste en tweede span sowel as die o/14A- en o/15A-span het van 17 tot 20 Februarie na die Kaapprovinsie getoer om teen Paul Roos, Wynberg en Rondebosch kragte te meet. Die eerste span het hul beste uitgehaal en het ál hulle wedstryde gewen – 'n reuseprestasie teen dié sterk Kaapse krieketspanne. Op die foto onder ondersteun die o/14A-span die o/15A's in hul senutergende wedstryd teen Rondebosch, wat uiteindelik gelykop geëindig het.



# Atlete slaggereed ná Durbantoer

Deon Spies



Met die nuwejaarsfees nog vars in die geheue het 'n groep atlete met 'n paar afrigteronderwysers op 2 Januarie vir 'n oefenkamp na Durban North College vertrek.

Daar was baie onsekerheid onder die seuns oor hóé hard hulle gaan oefen en of dit sommer net 'n lekker vakansie by die see sou wees. Ná die nege uur-lange busrit en die eerste sessie op dag een by Kingspark Atletiekbaan, was die atlete met die hoop op 'n rustige vakansie se drome egter gou aan skerwe.

Dit was darem nie net harde werk nie, want die seuns is ook tyd gegee om die see te geniet, te gaan fliek en om selfs 'n draai by Ushaka Marine World te maak.

Na die week van oefening en pret, was almal dit eens dat dit 'n baie suksesvolle atletiektoer was dat die atlete slaggereed is vir die atletiekseisoen.

# *Jukskeispelers in Bokspanne*

Heinrich Immelman



Carel Olivier en Wiandré van Deventer (albei in graad 12) is manne wat wéét hoe om jukskei te speel. Carel (links) is vir die SA o/19 A-span gekies en Wiandré is as kaptein van die SA o/19 Nasionale span aangewys.

Wiandré toer in 2022 saam met die nasionale span na Namibië om 'n amptelike toets teen die gasheerland te speel.